

17 Mei

Skrifgedeelte: Matteus 25:31-46 (NAV)

Fokusgedeelte: Matteus 25:31

Christus gaan kom in heerlikheid

Ons staan hier in Matteus 25 enkele dae vóór die dood van ons Here. Vir oulaas preek Jesus met dringendheid en aandrang ... maar Hy open ook 'n skrefie van die gordyn oor die misterie en onbekendheid van die laaste oordeel getrek. Christus wil hierdeur sy kinders opnuut verseker van die heerlikheid van die oordeel van God. Ja, dat jy niks te vrees het daarvoor nie, maar juis na daardie wonderdag kan uitsien.

Christus gaan kom in heerlikheid. Só gaan die Vader die Seun beklee ... met heerlikheid. Dit toon sy gesag as Regter om te oordeel. En saam met Hom is die engele (vgl. ook Matt. 16:27; 24:31). En as Christus dan as Regter op sy "koninklike troon" (vs. 31) gaan sit, kom die skeiding tussen geloof en ongeloof – soos tussen skape en bokke (vgl. Eseg. 34:17). Hulle ... ook jý wat in Christus glo ... en wat gedoen het aan ander soos Christus van jou verwag ... al was jy soms nie eers daarvan bewus nie ... ontvang die ewige lewe as loon van geloof!

Wat 'n heerlike oomblik ... as Jesus weer gaan kom en die skeiding vind plaas. Ons kan as kinders van God met verlange daarna uitsien. Want ons het immers al God se beloftes in sy Woord wat ons ons eie kan maak. As daar swaar tye in jou lewe kom, kan jy met verlange na die oordeelsdag uitsien. Daar gaan dit alles om God se genade deur Christus.

Gaan dus die toekoms binne met groot vertrouwe en laat die Heilige Gees jou ook met verlange na die oordeelsdag vervul. Dit sal die kroon span oor die oorwinningswerk van Christus ... vir jou!

Sing: Skrifberyming 7-2:1, 2

Ds. NW Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)